WAT MOET "VOORNEMENDE STOETTELERS" DOEN OM SUKSESVOL TE WEES?

Jan Vosloo, Bestuurder: SA Vleismerino Telersgenootskap

Die stoetbedryf is baie interessant en dinamies, maar kan ook ongenaakbaar wees. Dit is beslis nie 'n korttermynonderneming wat vinnig besondere winste gaan oplewer nie, hoewel daar stoetveespekulante is wat van die een gewilde ras na die volgende migreer om vinnig munt daaruit te slaan. Na my mening is dit 'n kapitaalintensiewe bedryf wat op die lang termyn goeie dividende oplewer. Deursettingsvermoë en moed om aan te hou deur moeilike jare asook selfdissipline is onontbeerlik vir sukses. Kry vir jou 'n langtermyn-visie en teeldoelwit waaroor jy droom.

Mens moet begrip aankweek vir die realiteite van teling en besef dat daar altyd toevallige kombinasies van gene plaasvind wat meebring dat elke individuele dier uniek sal wees. Geen model of teelwaarde sal ooit 100% kan voorspel hoe goed of swak die nageslag sal wees nie. Iemand wat nie realisties hieroor is nie, sal meestal teleurgesteld wees met die diere wat hy teel. Onthou ons werk met 'n biologiese produk en is afhanklik van "Moeder Natuur". Suksesvolle telers kan die teleurstellings aanvaar as uitdagings om volgende jaar beter resultate te behaal. Juis dit maak teling so interessant, want jy kry nooit klaar daarmee nie. Daar is voortdurend nuwe uitdagings en die strewe na die teel van die ideale, "volmaakte" dier. Niemand gaan dit ooit regkry nie, net so min as wat daar op hierdie aarde nooit 'n "volmaakte" mens in elke opsig gaan bestaan nie (natuurlik uitgesluit ons Verlosser wat vlekkeloos was toe Hy op aarde geleef het).

1. Liefde en Waardering

Liefde en respekvolle waardering vir diere, vir vee oor die algemeen en vir die spesifieke ras wat jy kies is die eerste voorvereiste vir 'n suksesvolle loopbaan as 'n bogemiddelde teler. Jy moet dit geniet om tussen die diere te wees, met hulle te werk en net na hulle te kyk. Alle diere in 'n trop moenie vir jou dieselfde "lyk" nie. Fyn waarnemingsvermoë kan aangeleer word om diere in 'n trop uit mekaar te ken aan hulle gesigte, karaktertrekke, unieke bouvorm, ens. Hoe meer jy met hulle werk, hoe beter gaan jy hulle leer ken – dit moet dus nie vir jou 'n straf wees om met die diere te werk en tussen hulle te beweeg nie. Dit moet juis aan jou plesier verskaf en jou rustig stem. Jy moet 'n passie vir teling en die grootsheid van die skepping ontwikkel. Doen baie moeite met paartyd deur die "ideale koppelings" volgens jou oordeel te bewerkstellig, en sien dan uit na die resultate tydens die volgende geboorteseisoen.

2. Versorging

Jy moet die wil hê om die diere waarvoor jy lief is, so goed as moontlik te versorg en self in 'n bobaas-veeboer met 'n aanvoeling en hart vir jou diere se behoeftes te ontwikkel. Dit beteken beslis nie om jou diere ten alle koste te bederf en te oorvoer nie, want die praktyke wat jy volg, moet ekonomies geregverdig en volhoubaar wees. Goeie beplanning ter wille van jou diere, soos die regte veelading, weidingsbestuur, voervloei, dekseisoene, ens. moet in harmonie met jou plaas wees. Dis is wis en seker dat hoe beter jy vir jou diere sorg, hoe beter sal hulle jou beloon. Dis een ding om stoetdiere aan te hou en iets totaal anders om hulle regtig optimaal te bestuur en na uitnemendheid te streef.

3. Administrasie

Wees op hoogte van die ras se jaarprogram en sperdatums en betaal jou rekening betyds. Reageer dadelik op enige navrae van die betrokke genootskap. Jy moet dit geniet om presies te weet wat aangaan in jou kudde en nie omgee om moeite te doen met rekords nie. Merk alle diere wat gebore word duidelik met 'n plaatjie van jou keuse of volg die Versfeld-oorknip-nommerstelsel en brandmerk betyds. Akkuraatheid is van kardinale belang en moet passievol nagestreef word. Goeie organisasievermoë, weldeurdagte vooruitbeplanning en netheid is almal deugde waaroor 'n goeie stoetboer moet beskik. As jy netjies kan skryf en nie huiwerig is om jou pen op te neem nie, het jy klaar 'n voordeel in die stoetbedryf. Andersins moet jy iemand betrek wat die administrasie kan behartig. Werk altyd sistematies en skryf nommers in boeke numeries opeenvolgend van oud na jonk. Kry 'n metode of stelsel wat vir jou werk en hou nougeset daarby. Deesdae is daar uitstekende elektroniese hulpmiddels en rekenaars om jou taak te vergemaklik. Na my mening bly dit egter noodsaaklik om steeds aantekeninge in boeke te maak waaruit jy die inligting kan oordra op rekenaar (dit dien as 'n handige tweede datastel sou die onvoorsiene gebeur en jou elektroniese data verlore raak). Hoe meer jy met die inligting werk, hoe beter leer jy jou diere ken. Voorbeelde van boeke of lyste wat bygehou moet word en saamgaan kraal toe, is die volgende :

3.1 Dekboek

PARINGS / DEKKINGS OF K.I.			
	VAAR NO.	**DATUM IN:**	**DATUM UIT:**
Vroulike Diere se Nommers			
1			
2			
3			

3.2 Geboorteboek

GEBOORTES							Weegdatum	Weegdatum
KUDDEKENMERK								
	DIER NO.	DATUM GEBORE	GESLAG	STATUS	MOEDER NO.	VAAR NO.	SPEEN (kg)	NA-SPN (kg)
1								
2								

3.3 Verkope en Vrektes of Vermis (stel die Genootskap in kennis)

VERKOPE EN VREKTES OF VERMIS (GESTEEL)					
	DIER NO.	DATUM	GESLAG	GROEP OF KAMP	OPMERKING & KOPER, ENS.
1					
2					

"Leer ken jou mede-telers, besoek hulle en moenie toere misloop nie."

3.4 Keuringslêer
Hou afskrifte van amptelike keuringslyste na elke keuring van jong diere.

3.5 Heffings
of per kapita-lyste (lys van alle stoetdiere van oud na jonk)
Hou afskrifte van reggestelde (gemerkte) heffingslyste op lêer.

3.6 Weegboek
Indien gewigte nie direk in die geboorteboek opgeskryf word nie, is dit raadsaam om 'n weegboek te hê waarin alle jong diere se gewigte aangeteken word. Die datum waarop u weeg is uiters belangrik – skryf dit eerste neer.

3.7 Behandelingsboek (Algemene bestuur)
Teken alle behandelings soos dip, doseer, entings, toediening van medikasie, ens. aan vir die hele trop, spesifieke groep diere of selfs vir enkele diere volledig aan. Dit help met vooruitbeplanning en indien u diere vir 'n veiling wil inskryf, is alle inligting wat benodig word bymekaar.

3.8 Lekke, byvoeding en voermengsels (rantsoene)
Teken alle resepte aan wat u gebruik om lekke en voer self te meng, asook watter klaarvermengde produkte u op watter datums gebruik het. Dis baie handig vir terugverwysing en vir vooruitbeplanning. Selfs datums van watter kampe of lande deur watter troppe bewei is, kan in die boek of lêer aangeteken word.

4. Fasiliteite en Infrastruktuur
Sonder goeie draadheinings, hanteringskrale, stoorplek en ander geriewe is dit onmoontlik om 'n stoet behoorlik te bestuur. Meer kampe is nodig tydens dektyd en die geboorteseisoen as in die geval van 'n kommersiële veeboerdery. Voldoende lekbakke en voerkrippe asook waterkrippe is noodsaaklik vir behoorlike bestuur.

Kry eers die infrastruktuur op jou plaas in plek voordat jy jou stoet uitbrei, want anders kan dit chaos wees. Moenie drukgange te lank en hanteringskrale te groot maak nie en beplan dit behoorlik sodat jy met die minimum arbeid kan regkom.

5. Betrokkenheid en Kundigheid
Raak betrokke by jou ras. Stel belang, bly op hoogte van alle aktiwiteite wat aangebied word en neem deel. Woon kursusse, boeredae, klubvergaderings, veilings, uitstallings en die algemene jaarvergadering van die genootskap by. Elke teler behoort 'n kursus oor sy ras te deurloop. Weet wat die rasstandaarde, funksionele doeltreffendheid en strukturele korrekheid is. Leer ken jou medetelers, besoek hulle en moenie toere misloop nie. Sorg dat jy soveel moontlik telers leer ken en dat hulle jou leer ken. Ondersteun mekaar. Soms is dit byvoorbeeld raadsaam om uitstaande manlike diere saam met ander telers in vennootskap te koop (sodoende word koste versprei). Maak net seker dat daar 'n weldeurdagte skriftelike kontrak tussen die partye in plek is sodat elkeen presies weet wat sy regte en verantwoordelikhede is. Dit sal misverstande en verrassings voorkom.

6. Bemarking en Advertensies
Mense sal net by jou teeldiere koop as hulle van jou weet. Dit is goed om 'n kursus in bemarking te doen of by ervare telers soveel moontlik daaroor uit te vind. Moenie skaam wees nie, en benut alle geleenthede optimaal en vindingryk om jou stoet bekend te stel en bekend te hou. Besef die waarde van gratis publisiteit soos veilingsfoto's, streeksnuus, mediaberigte, ens.

Streef daarna om gehaltediere te verkoop en so 'n goeie naam op te bou. As nuwe toetreders begin rondvra oor bekende telers van die ras, moes hulle jou naam of stoetnaam al gehoor of gesien het. Enige ernstige teler moet minstens in die ras se Joernaal adverteer en moeite doen om 'n treffende advertensie met besonder goeie foto's te plaas - eerder enkele goeies as 'n klomp swak foto's.

Hou rekord van alle kopers wat by jou diere gekoop het en volg op deur hulle te skakel. Naverkopediens is uiters belangrik. Sorg verder ook dat jy bekend raak vir jou eerlikheid en integriteit deur te staan by jou produk en klagtes onmiddellik op te volg. Die “kliënt is koning” en geregtig op diens en kwaliteit. Onthou, jy ding mee met medetelers en met ander rasse. Bied altyd gesonde diere aan in die regte kondisie om te kan presteer by die koper. Selekteer streng - slag probleme en foute uit en moenie sulke diere as teeldiere aan ander boere verkoop nie. Swak diere dra jou merk en gaan afbreuk aan jou goeie naam doen.

Beplanning en bestuur speel net so belangrike rol as goeie genetika. Streef na voortdurende verbetering deur gebruik te maak van alle beskikbare tegnologie, kundigheid en hulpmiddels. Probeer om op 'n hoogtepunt oor te gee aan die nageslag of te verkoop. Geweldig baie waarde kan deur ‘n goeie stoet toegevoeg word, maar dit kan net so vinnig tot kommersiële waarde daal indien dit verwaarloos word en rekordhouding agterweë bly.

HOU JOU VINGER OP DIE POLS !